

26 Maart 2015

Geagte Speaker

Premier

Kabinetskollegas en lede van die Provinsiale Parlement

Voorsitter van die Staande Komitee

Departementshoof en bestuurders van die Departement van Kultuursake en Sport

Ons vennote in die sport- en kultuursektore

Media

Inwoners van die Wes-Kaap

Inleiding

Dit is inderdaad 'n voorreg om die toewysing van die Begroting vir Kultuursake en Sport voor te lê aan hierdie Huis. Ek sal uiteensit hoe die begroting aangewend sal word om sy maksimum potensiaal te bereik binne die raamwerk van 'n groter strategie van die skep van geleenthede vir ons mense deur die verbetering van opvoedkundige uitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling.

Die Speltransformasie strategie

Ons regering se speltransformasie strategie kan vergelyk word met die strategiese spel wat baie van ons ken – skaak. Jy kan net daarin slaag om jou opponent skaakmat te sit as jy 'n beter plan van aksie het. Groot strategiese skuiwe vereis 'n noukeurig beplande strategie wat die strewe na die finale oorwinning ondersteun. Die spel vereis fisiese en geestelike stamina en deursettingsvermoë. Die speel van skaak lei tot 'n beduidende verhoging

van die brein se vermoë om 'n strategiese benadering te ontwikkel en die beste plan van aksie vir elke daaglikse taak te beplan.

Dit is wat ons regering se speltransformators uiteindelik sal vermag – die bemagtiging van mense en ontwikkeling van hul vaardighede wat ons as 'n gemeenskap nodig het om die Nasionale Ontwikkelingsplan te verwesenlik.

Die Speltransformasie strategie is versigtig ontwerp om die provinsiale begroting van R52 miljard te rat vir die uiteindelijke doelwit, naamlik om die afwaartse spiraal waarin sekere gemeenskappe in ons provinsie vasgevang is, om te draai.

Ek gaan nou sommige van die elemente van die R706,5 miljoen begroting vir Kultuursake en Sport vir 2015/16 uiteensit en aantoon hoe die begroting toegewys is om 'n skaakmat situasie te kan bereik.

Verbetering van Onderwysuitkomste en Geleenthede vir Jeugontwikkeling

Die Departement se begroting is toegewys om maatskaplike inklusiwiteit te fasiliteer en geleenthede te skep vir ons mense in die kulturele en sportsektore. Ons Massa deelname; Geleenthede en toegang; Ontwikkeling en groei (MOD) sentrums is verder ontwikkel om nuwe, gemeenskapsgebaseerde programme te skep. Hierdie sentrums sal aan leerders opleiding in lewensvaardighede en entrepreneurskap bied sowel as geleenthede om deel te neem aan gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Die MOD-program is die spilpunt waarom die Departement se jeugontwikkelingsinisiatiewe wentel en ons sal slegs ons doelwitte kan bereik deur doeltreffende vennootskappe te smee. Die befondsing van sportfederasies en belangrike kulturele organisasies is dus van kritiese belang.

Van besondere belang is die verhoging in die begrotings wat aan die Biblioteekdiens en die MOD-program toegewys is. Dit beoog om geleenthede te skep vir ons mense, veral ons jeug, om deel te neem aan sport, ontspanning, kuns en kultuur, en om toegang tot ons biblioteke, museums en erfenis- en taaldienste te verbeter. Ter erkenning van die belangrikheid hiervan het ons R74 miljoen aan hierdie aspek van ons werksaamhede toegeken.

Die MOD-program word by 181 primêre en hoërskole dwarsoor die Wes-Kaap aangebied. Oor die algemeen is die primêre skool-gebaseerde MOD-sentrums die toevoerpunte vir hul naburige hoërskool-gebaseerde MOD-sentrums. Hierdie jaar sal ek saam met my kollegas in die Onderwys en Maatskaplike Ontwikkeling departemente werk om 'n model te ontwerp wat dwarsdeur die provinsie gebruik kan word. Dit beteken dat ons in staat sal wees om gestruktureerde en beplande daaglikse na-skoolse ontspanningsaktiwiteite vir ons jeug te kan fasiliteer, wat die verskaffing van prettige speelaktiwiteite en geleenthede sal insluit.

Volgens die Uitvoerende Opsomming van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030(NOP)¹ beteken ons land se ryk kulturele erfenis en die skeppende talent van sy mense dat Suid Afrika unieke stories, stemme en produkte het om aan die wêreld te bied. Daarbenewens kan artistieke aktiwiteit en uitdrukking ook waardes aankweek, genesing fasiliteer en nasionale trots herstel. Dit het direk te make met die sleutelrol wat hierdie Departement speel om maatskaplike insluiting, nasiebou en nasionale maatskaplike samehorigheid te bevorder.

Die Departement van Kultuursake en Sport se aktiwiteite is direk belyn met die Een Kaap 2040-visie en die Konnekerende Kaap Strategie. Dit sal 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van verwelkomende, inklusiewe en geïntegreerde gemeenskappe.

KUNS EN KULTUUR

R110 miljoen is toegewys aan Program 2, wat insluit Kuns, Kultuur, Taal, Museums, Erfenis en Geografiese Name.

Die ampstermyn van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie eindig in April 2015. Ek het die Staande Komitee vir Gemeenskapveiligheid, Kultuursake en Sport

versoek om die publiek uit te nooi om persone te nomineer om op die Kommissie te dien vir die volgende ampstermyn daarvan.

'n Geakkrediteerde opleidingsprogram vir gemeenskapskunstenaars is onderhandel met die Universiteit van die Wes-Kaap en die Departement beoog om dit as die standaard vir toekomstige intervensies in musiekopleiding te stel.

Plaaslike jong talent wat tydens die 2014/15 departementele drama-inisiatief van die Eden en Kaapse Wynlande Dramafeeste geïdentifiseer is, sal te siene wees by die Baxter Teater in Maart 2015, die ABSA Klein Karoo Nasionale Kunstefees in April en die Burger se Suidoosterfees in Mei 2015.

Aansoeke vir kuns en kultuur projekbefondsing sluit môre vir die 2015/16-boekjaar. Hierdie program stel die Departement in staat om organisasies in die verre uithoeke van ons provinsie te help om verskeie kunsvorme te beoefen of kulturele projekte aan te pak. Net 'n bietjie meer as R14 miljoen in subsidies sal oorgedra word aan suksesvolle aansoekers in die nuwe boekjaar.

Die Departement sal weereens produktiewe vennootskappe fasiliteer tussen professionele kunste-organisasies soos Kaapstad Opera en die Kaapstadse Filharmoniese Orkes, en plattelandse kunsteliggame. Hierdie samewerkingsooreenkomste sal voortdurend die reikwydte van kunstedisiplines en genres verbreed en professionele prestasie in die Wes-Kaap ondersteun. Die departement sal sy plattelandse kunsteontwikkelingsprogramme uitbrei om ook voorsiening te maak vir programme vir die jeug op plase, wat binnekort in die Witzenberg Munisipaliteit geloods sal word.

Drama ontwikkeling sal uitgebrei word in die Overbergse dorpe Swellendam, Bredasdorp, Caledon en Grabouw in 'n gefaseerde program gedurende die nuwe boekjaar. Die program sal in fases bekendgestel word van Junie tot November 2015.

'n Dans ontwikkelingsprogram sal in die Weskus Distriksmunisipaliteit plaasvind in September 2015 (Erfenismaand). Dit sal aan die jeug 'n geleentheid gee om uitdrukking te gee aan hul kreatiewe vermoëns in 'n veilige en bemagtigende omgewing.

Die Departement beplan om 110 kunstenaars in dissiplines soos dans, drama en musiek op te lei in die 2015/16-boekjaar.

'n Professioneel-gechoreografeerde produksie sal tydens Augustus 2015 in 'n professionele teater in Kaapstad aangebied word. Dit sal die talent en

suksesse van die Departement se kunstprogramme vier en vertoon. Die Kunsweek-program sal in Februarie 2016 in Kaapstad aangebied word saam met verteenwoordigers van die plattelandse gebiede. Die doel is om minder bekende kunsvorme te bevorder en om sodoende moontlike loopbaangeleenthede aan die jeug bekend te stel.

In 2015/16 sal die inisiasieprogram se werksaamhede uitgebrei word om verder te strek as net die gesondheids- en veiligheidsaspekte van hierdie gebruik. Dit beoog om dialoog te fasiliteer met gemeenskappe en rolspelers om te bepaal of daar ander maniere is waarin die regering kan bydra tot die behoud van hierdie kulturele gebruik. Die departement sal ook die skakeling met verteenwoordigers van die Wes-Kaapse Inisiasie Forum fasiliteer om te verseker dat voorbereidings vroegtydig getref word voor die aanvang van die winter en somer inisiasie-seisoene.

TAALDIENSTE EN WES-KAAPSE TAALKOMITEE

Die 2011 Sensus het 'n volgehoue verskuiwing aangedui in die verhouding van eerstetaal sprekers van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap. Hoewel Afrikaans die eerste taal van ongeveer die helfte van die provinsie se bevolking gebly het, het die verhouding van isiXhosa sprekers konstant vermeerder sedert 1996 en die verhouding van Afrikaanssprekendes het konstant verminder oor dieselfde tydperk. Die persentasie Engels eerstetaal-sprekers het konstant gebly op ongeveer 20% sedert 1996. Net meer as 5% van die Wes-Kaapse bevolking praat 'n eerste taal wat nie een van die drie amptelike tale van die provinsie is nie. Hierdie tendense het duidelike riglyne verskaf vir die Departement se Taaldienste komponent.

In April 2015 sal die Departement weereens intermediêre basiese kommunikasieklasse in Suid-Afrikaanse Gebaretaal aanbied vir 'n groep ouers en gesinslede van leerders wat die Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha bywoon. Hierdie opleiding help om die gaping te oorbrug tussen dowe kinders en hul horende ouers en versorgers. Die projek is aanvullend tot die kapasiteitsbou-aktiwiteite van die Wes-Kaapse Onderwys Departement vir horende onderwysers by die skool.

Op 27 November 2014 is 'n seminaar oor Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) deur die Wes-Kaapse Taalkomitee aangebied in vennootskap met die Department. Die doel was om met dowe gemeenskappe te konsulteer oor hoe die Wes-Kaapse Regering die behoeftes van die gebruikers van Suid-Afrikaanse Gebaretaal ten beste kan dien. Aanbevelings vir my aandag is saamgestel deur die Taalkomitee en by die verslag oor die seminaar ingesluit. 'n Opvolgwerkwinkel met rolspelers word vir Junie 2015 beplan.

Sedert die aanvaarding daarvan in 2005, is die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in spesifieke provinsiale departemente geassesseer deur 'n jaarlikse opname. Provinsiale regeringsdepartemente het hulpbronne ontvang om taaleenhede te skep as deel van die implementeringsplan vir die Wes-Kaapse Taalbeleid. Gedurende 2015/16 sal 'n opname in alle Wes-Kaapse regeringsdepartemente gedoen word om te bepaal watter vordering gemaak is met die implementering van die taalbeleid in die tien jaar van sy bestaan. 'n Finale verslag en aanbevelings deur die Taalkomitee behoort teen die einde van Maart 2016 beskikbaar te wees.

'n Engels-isiXhosa boekie met regeringsterminologie is in 2014 uitgegee. 'n Nuwe weergawe van die boekie, met terminologie in al drie amptelike tale

van die Wes-Kaap, sal op Internasionale Vertaaldag op 30 September 2015 geloods word. Hierdie boekie is gemik op die bevordering van die eenvormige gebruik van terminologie deur taalpraktisyns wat dienste aan die provinsiale regering verskaf.

Die Departement sal voortgaan om vergaderings van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalforum te fasiliteer. Hierdie liggaam bestaan uit taalpraktisyns en vergader 6 keer 'n jaar om professionele ontwikkeling te ondersteun. Terminologie-ontwikkeling en aktiewe pogings om die bestaande ortografie van isiXhosa by te werk is deel van die Forum se werksaamhede.

MUSEUMDIENS EN GEAFFILIEERDE MUSEUMS

Die Wes-Kaapse Museumbeleid maak voorsiening vir 'n nuwe kategorie van museuminstelling, nl. streeksmuseums. Die totstandkoming van die Kaapstad Museum is verlede jaar aangekondig. Dit was die eerste stap in die implementering van hierdie aspek van die beleid. Onderhandelinge om 'n perseel vir die museum te bekom behoort vroeg in die nuwe boekjaar afgehandel te wees. Die Departement sal infrastruktuur en tegniese steun aan die Museum verskaf en onderhandel tans met verskeie belanghebbende partye om toegang te kry tot artefakte en versamelings wat op die oomblik deur ander erfenisinstellings en organisasies aangehou word, ten einde die eerste uitstallings van hierdie Museum te ontwikkel.

Die Museumdiens sal oor die volgende vyf jaar 'n programmatiese benadering volg om sy impak op museums en erfenispersele te verbreed en te verdiep. 'n Meesterplan word vir elke museum ontwikkel om as riglyn te dien vir die opgradering en vernuwing van hul persele en uitstallings. Hierdie transformasie-inisiatief het daartoe bygedra om die museums meer verteenwoordigend van die kultuur-erfenis van die diverse gemeenskappe in die Wes-Kaap te maak. Die implementering van nuwe tegnologie het die besoekers-ervaring verbeter, iets waarvan die styging in besoekersgetalle kan getuig. Oor die volgende drie jaar word opwindende nuwe uitstallings en opgradering van fasiliteite beplan vir een van die populêrste museums in die Wes-Kaap, nl. die Bartolomeu Dias Museum in Mosselbaai.

ERFENIS HULBRONBESTUUR EN ERFENIS WES-KAAP

Erfenis Wes-Kaap hoop om binne die volgende paar maande die formele delegasie van magte aan die Stad Kaapstad te finaliseer vir die bestuur van Graad III erfenis hulpbronne kragtens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999). Die konsep Memorandum van Ooreenkoms wag tans op die goedkeuring van die Stadsraad. Dit sal die eerste keer in Suid-Afrika wees dat 'n bevoegde plaaslike owerheid formeel gedelegeerde magte sal aanvaar vir die bestuur van erfenis- hulpbronne.

In Oktober 2014 is 'n diensvlak-ooreenkoms onderteken met 'n diensverskaffer om 'n erfenis inligtingbestuurstelsel vir die provinsie te ontwikkel. Hierdie R4.75 miljoen projek sal oor die 2016/17-boekjaar strek en verteenwoordig 'n beduidende belegging in die erfenisektor in die provinsie. Die voltooiing daarvan sal, as gevolg van die outomatisering van baie prosesse, lei tot groter doeltreffendheid en proses-deursigtigheid. Erfenis Wes-Kaap is die leiersagentskap vir hierdie projek, wat geïntegreer sal word met die provinsiese My Content program en ook die behoeftes van die Museumdiens en Geografiese Naamdiens sal dien.

Erfenis Wes-Kaap voorsien dat sy grootste taak in die nuwe boekjaar die verwerking van omtrent 3 000 aansoeke sal wees. Dit sal vermag word deur 36 vergaderings van sy spesialis-subkomitees en 44 vergaderings van sy professionele personeel-span.

Gedurende die volgende vyf jaar sal die basis gelê word vir die skepping van 'n Khoekhoen erfenisperseel in die Twee Riviere Stedelike Park in Observatory, Kaapstad. Dit sal deel vorm van die nasionale Khoisan Erfenis projek. Hierdie perseel sal die geskiedenis uitbeeld van die vroegste kontak tussen die Khoekhoen en koloniale magte in 1510 in Observatory, en gee daarmee ook erkenning aan die beduidende rol wat die Khoekhoen en hul nageslagte gespeel het in die vorming van hierdie provinsie en ons land.

GEOGRAFIESE NAME EN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE GEOGRAFIESE NAMEKOMITEE

Die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee sal voortgaan met die verifiëring van bestaande geografiese name en sal dit voorlê aan die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad. Die Komitee sal ook aansoeke oorweeg vir die herbenaaming van geografiese kenmerke in die Wes-Kaap.

Uitgebreide Openbare Werke Program

Die Departement se innoverende UOWP-projekte sal voortgaan om in 2015/16 betekenisvolle werksgeleenthede vir die jeug te bied in die kuns, kultuur, erfenis, biblioteek en argiefsektore met 'n toewysing van R13,454 miljoen. Hierdie programme word dwarsdeur die provinsie, met inbegrip van landelike gemeenskappe, geïmplementeer.

BIBLIOTEEKDIENS

Biblioteke en Argiewe vorm deel van Program 3 en R360,6 miljoen is daarvoor toegewys.

Die Biblioteekdiens, wat 60 jaar oud word in Mei 2015, werk nougeset daaraan om toegang tot biblioteekdienste te verbeter dwarsoor die Wes-Kaap. Daar is tans 361 biblioteeksentrusse geaffilieer met die provinsiale biblioteekdiens en, namate nuwe biblioteke gebou word en mini-biblioteke voorsien word, sal hierdie syfer bly styg.

Vyf nuwe biblioteekfasiliteite sal befondsing ontvang vir die aanvangs-boufasies gedurende 2015/16:

- Du Noon Biblioteek, Stad Kaapstad.
- Groendal Biblioteek, Stellenbosch Munisipaliteit.
- Abbotsdale Biblioteek, Swartland Munisipaliteit.
- Ashbury Biblioteek, Langeberg Munisipaliteit.
- Herbertsdale Biblioteek, Mosselbaai Munisipaliteit.

Biblioteke wat tweedefase befondsing sal ontvang en/of opgegradeer sal word is:

- Worcester Biblioteek en Avian Park Biblioteek, Breedevallei Munisipaliteit.
- Kleinmond Biblioteek, Overstrand Munisipaliteit.
- Suurbraak Biblioteek, Swellendam Munisipaliteit
- Conville Biblioteek, George Munisipaliteit.
- Citrusdal Biblioteek, Cederberg Munisipaliteit.

Om die onbefondsde mandaat van openbare biblioteke te hanteer, het die Departement aansienlike finansiële steun ontvang van die Nasionale en Provinsiale Tesourieë. Nasionale regering se voorwaardelike toekenning van R158.469 miljoen vir 2015/16 vir die verbetering van gemeenskapsbiblioteke sal beslis 'n reuse finansiële verligting wees. Van hierdie bedrag, sal R142.374

miljoen (89,9%) oorgedra word aan 25 munisipaliteite wat biblioteekdienste verskaf. Hierdie befondsing sal hoofsaaklik aangewend word vir die aanstelling van personeel, nuwe biblioteekgeboue en opgraderings, en opsporingstelsels vir die bekamping van boekdiefstal.

'n Totaal van 97,4% van die begroting van R60.037 miljoen vir biblioteekdienste sal oorgedra word aan 15 Kategorie B3 munisipaliteite. Hierdie befondsing sal gebruik word om biblioteekpersoneel te betaal en om bedryfskoste en geringer kapitaalluitgawes te dek.

Die Landelike Biblioteek Konnektiwiteitsprojek (RLCP) wat sedert die 2008/09-boekjaar bestaan, is deel van die Breëband Inisiatief van die Wes-Kaap. Hierdie inisiatief beoog om regeringsoptrede te koördineer en integreer ten einde telekommunikasie infrastruktuur te verskaf en vaardighede en gebruik te verbeter. Teen die einde van die nuwe boekjaar sal ons landelike biblioteekpersoneel en gebruikers toegang hê tot 'n vinnige internetdiens. 'n Totaal van R19.058 miljoen is toegewys aan hierdie projek vir die tydperk van die 2015 Mediumtermyn Bestedingsraamwerk.

Die Biblioteekdiens sal 'n geraamde 228 500 kopieë van biblioteekmateriaal aankoop om by te voeg tot die huidige voorraad van 6,5 miljoen biblioteekitems in 361 sentrums in die provinsie.

Die Biblioteekdiens sal voortgaan om opleidingsgeleenthede aan personeel te verskaf en om dienste te monitor deur gereelde moniteringsbesoeke. Ons sal in pas bly met die digitale rewolusie en elektroniese hulpbronne invoer. Die uiteindelige doel is dat die publiek hul biblioteeklidmaatskap sal kan gebruik om afstandstoegang te hê tot hierdie hulpbronne vanuit die gerief van hul eie wonings.

Die byvoeging van 27 nuwe biblioteke sal die gebruik van openbare biblioteekdienste verder bevorder. Ons sal steun en toegang tot hierdie biblioteke verskaf om die SITA Biblioteekinligtingsbestuurstelsel te kan gebruik.

Ons dienste aan mense met fisiese gestremdhede bly 'n prioriteit deur middel van bystandstegnologieë, leesmateriaal en addisionele fasiliteite. Ons beoog om hierdie diens uit te brei in die 2016/17-boekjaar.

'n Hoogtepunt op die biblioteekagenda hierdie jaar is die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings (IFLA) Wêreld Kongres hier in Kaapstad in Augustus. Na verwagting sal dit bygewoon word deur amper 4 000 afgevaardigdes van 150 lande. Dit sal die derde kongres van sy soort in Afrika wees sedert die ontstaan daarvan in 1927.

ARGIEFDIENS

R36,143 miljoen is toegewys vir die implementering van Elektroniese Inhoudsbestuur (ECM) /MyContent om gesonde rekordbestuur en beheer te verstewig. 'n Deel van hierdie projek is die digitalisering van argiefmaterial, wat 'n groot verbetering in toegang tot argiefdienste verteenwoordig.

SPORT

R175,4 miljoen is begroot vir die Sport- en Ontspanningsdiens van die departement. Soos ek vroeër genoem het, vorm die toewysing van R74 miljoen aan die MOD- program vir jeug 'n belangrike komponent van die begroting.

R5,8 miljoen sal oorgedra word aan 110 sportfederasies in die ses distrikte van die provinsie. Fondse sal gebruik word vir administrasie, ontwikkeling, kapasiteitsbou en transformasieprojekte. Ek sal in April die verskillende streke besoek om die hulptoelae te oorhandig aan die hoofrolspelers.

In 2015/16 sal die Departement R1,9 miljoen oordra aan die Drakenstein Munisipaliteit om die Kaapse Wynlande Sport Akademie by die Dal Josafat Stadion te bou. Die Akademie-stelsel is 'n sleutelpilaar van die Nasionale Sport en Ontspanningsplan en ons glo 'n belegging in hierdie gebied sal die lewens van atlete van daardie gebied verbeter.

Toerisme is geïdentifiseer as 'n sleutelagent vir ekonomiese groei in die Wes-Kaap. Ons departement sal derhalwe tot soveel as 50 groot sportgeleenthede ten opsigte van 'n diverse reeks van dissiplines ondersteun. R2 miljoen is toegewys vir groot geleenthede. Ons is ook trots om te kan noem dat ons 'n rol gespeel het in die verkryging van die Internasionale Rugbyraad se Sewestoernooi vir die Kaapstad- stadion en dat ons sal voortgaan met ons ondersteuning van die Cape Epic, die Kaapstad Fietstoer, die Ou Mutual Twee Oseane-marathon, die Bergrivier kanoemarathon en die Kaapstad Marathon, om maar net 'n paar te noem.

Deel van ons mandaat is om erkenning te gee aan ons top-atlete sodat hulle prestasies as inspirasie kan dien vir duisende ander. Met hierdie doel voor oë sal die Departement sporttoekenningsgeleenthede reël vir al ses distrikte in November 2015 en die hoogtepunt sal die Provinsiale

Sporttoekennings in Maart 2016 wees. Die weners van hierdie toekennings sal daarna in aanmerking kom vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Sporttoekennings.

Speaker, die Klub Ontwikkelingsprogram is 'n program wat daarop gemik is om sportklubs binne die Wes-Kaap te help om selfonderhoudend te word in ooreenstemming met die Nasionale Ontwikkelingsplan. In 2015/16 sal die Department 300 klubs van 22 sportkodes dwarsoor die Wes-Kaap ondersteun. Die klubs sal voorsien word van sportuitrustings, toerusting, kapasiteitsbou en hulp met reiskoste ten opsigte van wegwedstryde.

In ooreenstemming met die Provinsiale Strategiese Doelwit om welwees te bevorder, sal die Department weer die Beter Tesame Spele vir die streek organiseer. Die Spele sal in Oktober 2015 in Oudtshoorn, Saldanha, Worcester en Stellenbosch plaasvind.

Verskeie opleidingskursusse sal in die 2015/16-boekjaar deur die Department gefasiliteer word, en hier wil ek een in die besonder uitlig. Die Departement sal 50 munisipale en federasiebeamptes deur twee kursusse oplei in vennootskap met die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. Die Fasiliteitsbestuur en die Geleentheidsbeplanning- en Bestuurskursusse sal verseker dat munisipaliteite in staat is om die Geografiese Inligtingsdiensdatabasis as 'n Fasiliteitsbestuursinstrument te gebruik. Die einddoel is om die optimale gebruik en volhoubare instandhouding van sportfasiliteite in die Wes-Kaap te verseker, vermorsing te verminder en die risiko van vandalisme te beperk.

ONTSPANNING

Ontspanning is die platform waarvandaan sport, kuns en kultuur ontwikkel en groei. Dit bevorder 'n filosofie en ingesteldheid van 'n gesonde leefstyl en lewenslange leer en bied ook aktiwiteite aan deur middel van aangepaste sport – inheemse sport; plaassentrum-sport; gemeenskapsentrum-sport; senior burger-sport en Groot Stapoptogte ('Big Walks').

Ontspanningsaktiwiteite en aangepaste sport word aangebied by 'n aantal plaas- en gemeenskapsentrums in die provinsie.

My departement streef na die behoud en bewaring van inheemse kennis deur inheemse speletjies soos jukskei, morabaraba, kho-kho en kgati.

Plaaslike kompetisies sal in 26 plaaslike en 6 distriksmunisipaliteite plaasvind in

April/Mei. Die uitblinkers sal daarna deelneem aan die provinsiale kampioenskap in Junie/Julie en die weners sal uiteindelik die Wes-Kaap verteenwoordig in die Nasionale Inheemse Spele in September 2015.

Speaker, as ons verder kan sien as baie ander, is dit omdat ons toekoms op die skouers van ons ouer mense gebou is. Daarom fasiliteer ons graag hul deelname aan sport deur middel van die Silwer Spele ('Golden Games'). Hierdie spele begin by plaaslike tuis-gebaseerde sentrums in April, Mei en Junie. Die beses sal daarna deelneem aan die provinsiale spele in September en die beste presteerders by daardie geleentheid sal deelneem aan die Nasionale Silwer Spele in Oktober 2015.

Om gesonde gemeenskappe en 'n gesonde en fikse leefstyl te bevorder sal die Departement hierdie jaar die Internasionale Big Walk Day op 3 Oktober 2015 ondersteun.

SKOOLSPORT

'n Gemeenskaplike Provinsiale Taakspan (JPTT) is op die been gebring om 'n oorsigrol te speel ten opsigte van skolesport in die Provinsie. Die JPTT bring verteenwoordigers van Kultuursake en Sport sowel as Onderwys bymekaar. Die taakspan sal ten minste twee keer per kwartaal byeenkom en sal gereeld met die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie oorleg pleeg in sy hoedanigheid as bewaarnemer van sport in die Wes-Kaap.

Hierdie jaar sal ons regering die mede-aanbieder wees van die tweede Wes-Kaapse Skolesport Indaba. Fondse is ook toegewys vir die instelling en konsolidasie van skolesportkode-strukture op provinsiale en distriksvlak. Hierdie jaar sal ons weereens die bevordering en koördinerings van inter-skool sportligas ondersteun, asook deelname aan die Nasionale Skolesport Kampioenskap wat in Desember 2015 in Pretoria gehou sal word.

Ter afsluiting

In 'n pot skaak is die finale skuiwe die verwesenliking van die strategie wat van die begin af beplan is. Goeie spelers antisipeer hul teenstanders se skuiwe en beplan hul eie spel om heeltyd een stappie voor te wees. In die uitdagings wat ons land mee te kampe het, is die teenstander nie die opposisieparty nie maar die welsyn van ons mense. As 'n regering, en as 'n Department, moet ons meetbare verandering aanbring in die lewens van mense wat afhanklik is van ons fasiliteite en dienste. Die begroting wat ek

vandag voorlê, spog met 'n reeks dienste wat die lewens van individue sal aanraak en ons sal help om 'n inklusiewe gemeenskap te kan bou.

Om die skaakmat posisie te kan bereik, sal ek die steun nodig hê nie net van my Departement nie, maar ook van aandeelhouders en rolspelers in die privaatsektor, in die nastreef van ons gemeenskaplike doel van geleenthede vir al ons mense.